was die Suurveld weer in hulle besit, en die roof- en moordtogte van die naturelle het opnuut begin. Die regeringsaanvoerders op die grens moes nou besluit, of hulle soos Adriaan van Jaarsveld teen die Kaffers sou optree, dan of hulle die Suurveld en die Visrivier as grens sou prysgee. Waar Maynier seggenskap had, kon die beslissing net na één kant toe uitval. In November 1793 is vrede gesluit met die hoofde. Hulle het die geroofde vee behou, en hulle het gebly waar hulle was. Bo-op het hulle ook nog presente gekry. Die rooftogte het natuurlik voortgeduur, en die grens was so onveilig soos vroeër.

Maynier moes nou vir die regering 'n rapport opstel oor die oorsake van die onluste op die grens. Sy bevinding was as volg: die boere se verliese aan vee was nie so groot soos hulle voorgegee het nie, en hulle was reeds genoegsaam vergoed met die beeste wat hy uit Kafferland gebring het; die skuld van die invalle van die Kosas het by die blankes gelê; die Kaffers was 'n vriendelike en vredeliewende volk en het hulle slegs teen die mishandeling en onreg wat hulle van die boere moes verduur, versit. Met hierdie eensydige rapport voor hom kon Sluysken, wat die Kaap teen 'n aanval uit Europa moes klaarmaak, die grensdistrikte weer vergeet, maar die toestand daar het natuurlik steeds erger geword.

Die boere van die binneland, wat so onder die rooftogte van die Boesmans en Kaffers moes ly, het ook die ekonomiese depressie gevoel, en verwarde gerugte omtrent die Franse omwentelings was onder hulle in omloop. Hulle het oor die waardelose papiergeld en die slegte pryse gekla, en die regeringskringe in Kaapstad was volgens hulle opvatting die "aristokrate" wat hulle onderdruk en van hulle "natuurlike regte" beroof. Klagskrifte het niks gehelp nie; Sluysken wou selfs nie 'n ondersoek laat instel nie; en eindelik, in Februarie 1795, het die Graaff-Reinetters in opstand gekom teen 'n regering van wie geen heil vir hulle te wagte was nie. 'n Aantal gewapende burgers onder Adriaan van Jaarsveld het voor die Drosdy verskyn en vir Maynier gedwing om die distrik te verlaat en na Kaapstad terug te keer. Dit was ook die end van die Kompanjie se bewind op die grens. Sluysken het nog probeer om deur die sending van 'n kommissie die afval van Graaff-Reinet te verhinder en die mense te paai, maar dit was te laat. Die opstandelinge neem, in navolging van wat in Europa gebeur, die naam "nasionaal" aan, erken die gesag van die State-Generaal van Nederland, maar verklaar hulle onafhanklik van die Oosindiese Kompanjie. Hulle kies nou hulle eie ampsdraers, en Carel David Gerotz word hulle landdros en



Digitised by the University of Pretoria, Library Services, 2011

siviele hoof, terwyl Adriaan van Jaarsveld as president van die krygsraad die militêre opperbevel voer. In Swellendam tref ons dieselfde ontwikkeling aan. In Junie 1795 is die regeringsbeamptes verjaag, en 'n gekose "Nasionale Vergadering" met Hermanus Steyn as voorsitter en landdros, het die regeringsmag uitgeoefen. Teen die middel van die jaar 1795 was die gesag van die Kompanjie dus nie meer oos en noord van die eerste bergreeks erken nie.

## § 3. Die Verowering van die Kaap.

Te midde van 'n ongekende ekonomiese depressie, en terwyl opstand en anargie in die binneland heers, moes Sluysken sy aandag aan die verdediging van die Kaap gee. Hy was in 'n treurige posiesie. Die Kaapse garnisoen was omtrent 'n duisend man sterk, maar 'n groot gedeelte daarvan was vreemde soldeniers, op wie nie gereken kon word nie. Onder die siviele bevolking van Kaapstad en Stellenbosch het die rewolusionêrgesinde Patriotte die meerderheid gevorm, en nes hulle vriende in Nederland, sou hulle waarskynlik die Franse, teen wie die stadhouderlike regering destyds nog, so ver soos Sluysken kon weet, in oorlog was, as vriende welkom heet. Die Kaapse gesagvoerder het onder die omstandighede gedaan wat hy kon om vir alle gebeurlikhede klaar te wees. Twee honderd gekleurdes, die sogenaamde Pandoers, is ook onder die wapen gebring. Die militêre opperbevelhebber aan die Kaap was kolonel Gordon, 'n geesdriftige Oranjeman. Sy eerste ondergeskikte, luitenant-kolonel De Lille, met die meeste van die offisiere het tot dieselfde party behoort.

Ons herinner ons hoe Pichegru in die Europese winter van 1794/5 Nederland ingetrek het, en hoe die stadhouder na Engeland gevlug het. Sluysken was nie op die hoogte van hierdie gebeurtenisse nie, maar in Februarie 1795 het hy 'n brief uit Nederland gekry, waarin die opmars van Pichegru na die Nederlandse grens vermeld was, en in April het die nuus dat die Franse reeds voor Breda staan, die Kaap bereik. Sluysken moes dus met die moontlikheid rekening hou, dat Nederland reeds vrede met Frankryk gesluit het, en dit het sy posiesie nog swakker gemaak. Hy wis nie meer, wie vriend of vyand was nie.

On 11 Junie 1795 seil 'n Engelse vloot, onder admiraal Elphinstone en generaal Craig, Simonsbaai in, en die volgende dag tree die Britse bevelvoerders in onderhandeling met kommissaris Sluysken. 'n Skrifstuk van Kew, naby Londen, afkomstig, onderteken deur die prins van Oranje, en gedateer 7



Digitised by the University of Pretoria, Library Services, 2011

Februarie 1795, is aan hom oorhandig, en die Franse verowering van Nederland is aan hom meegedeel, maar van die oprigting van 'n nuwe onafhanklike regering daar is geen melding gemaak nie. Volgens die brief van die stadhouder moes Sluysken die Engelse troepe as vriende en beskermers in die Kasteel en ander forte opneem.

Sluysken en die Politieke Raad het gevoel dat aan die bevel van die gevlugte prins van Oranje nie sonder meer kon gehoor gegee word nie, en hulle het die onderhandelinge voortgesit om tyd te wen. Die burgers is ondertussen opgeroep, en toe die nuus rondgaan dat dit die Engelse was wat die Kaap bedreig, d.w.s. dié volk wat baie sterk teen die rewolusie en die Patriotte gekant was, het die oproep 'n geesdriftige weerklank onder die koloniste gevind. Hierdie bereidwilligheid van die burgers om vir die behoud van die Kolonie te veg is versterk, toe op 28 Junie 'n Amerikaanse skip meer inligting omtrent die juiste toedrag van sake in Europa na die Kaap gebring het. Sluysken was eindelik 'n populêre man onder die koloniste, maar hulle geesdrif sou nie veel baat nie, want die regeringsoffisiere was Oranjegesind, en Gordon, die opperbevelhebber, was baie geneig om die bevel van die prins van Oranje te gehoorsaam.

Teen die begin van Julie was by die 1,200 berede burgers in Kaapstad versamel, en met hulle hulp moes die Kaapse garnisoen in staat gewees het om 'n ernstige aanval af te slaan. Die regerings-bevelvoerders het egter kosbare tyd ongebruik laat verbygaan. Dit was duidelik dat die opmars van die Engelse na Kaapstad langs die kus van Valsbaai moes gaan, en tussen Kalkbaai en Muisenberg was daar kans genoeg om hulle deurtog af te sny. Die nodige voorbereidsels is egter nie hiervoor getref nie. By Muisenberg is wel skanse gegrawe, maar met die moontlikheid dat die posiesie ook onder die vuur van die Engelse skepe kon kom, is geen rekening gehou nie.

Op 7 Augustus het generaal Craig met 1,600 man teen Muisenberg opgeruk. Gelyktydig seil die Engelse skepe ook daarheen en begin die Hollandse skanse van die see uit, d.w.s. op die dwarste, te beskiet. Skaars het die eerste skot geval of De Lille met sy infanterie neem die loop terug na Kaapstad oor die sandvlakte. Die burgers, die Pandoers en die artilleriste het 'n beter vertoning gemaak, maar die vlug van De Lille en die kruisvuur van die Engelse skepe het hulle gedemoraliseer, en binne kort was Muisenberg, en dus ook die sleutel van die posiesie, deur die Engelse troepe beset. Verder het hulle voorlopig nie gekom nie, want die burgerlike perdekommando's was gvaarlike vyande, sodra die skeepskanonne hulle nie meer kon



Digitised by the University of Pretoria, Library Services, 2011

bereik nie. Die burgeroffisiere het in 'n skrifstuk, wat hulle aan Sluysken gestuur het, vir De Lille van verraad beskuldig, en hy is in hegtenis geneem en gehou, maar meer om hom teen die verwoede bevolking te beskerm. Dat hy verraad gepleeg het is nie bewys nie, maar hy was 'n groot vriend van die Engelse, en dit is opmerklik dat hy onmiddellik na die oorgawe van die Kaap in hulle diens getree en 'n hoë militêre pos gekry het.

Na 'n maand van skermutselinge, waarin die burgers goed geveg het, het 'n twede Engelse vloot met omtrent 3,000 troepe aan boord in Simonsbaai aangekom, en nou het die burgers tou-opgegooi, en die meeste is huis-toe. Op 14 September marsjeer die Engelse leër, tussen vier- en vyfduisend man sterk, van Muisenberg na Nuweland. Weer is 'n halfhartige poging, waarby alleen die Swellendammers eer behaal het, aangewend om hulle te stuit, maar die oormag was nou so groot, dat Sluysken en sy raadgewers nie meer kans gesien het om Kaapstad te verdedig nie, en op 16 September is die kapitulasie-voorwaardes by Rustenburg, die ou goewerneurswoning in Rondebosch, geteken. Dieselfde dag nog het generaal Craig met 'n paar duisend man sy intrek in die Kasteel geneem.

### § 4. Slot.

Waar ons van plan is om dadelik die twede deel van hierdie werk op die eerste te laat volg, is 'n slotparagraaf hier byna nie nodig nie, en miskien selfs onvanpas; maar vir 'n paar aanvullings moet nog plek gevind word.

Ons het die geskiedenis van die Afrikaanse volk tot op 'n baie belangrike punt in sy ontwikkeling vervolg. Ons het gesien onder welke omstandighede die eerste eenvoudige klompie baanbrekers van die Europese beskawing hulle blywende intrek hier geneem het. Ons het gesien welke eenvoudige pligte en werksaamhede hulle kragte in beslag geneem het, en hoe langsamerhand groter en moeiliker probleme voor hulle nakomelinge verrys het. Ons eerste deel sluit, waar hulle reeds groot werk verrig het. Die hoofsaak is, dat terwyl hulle besig was om die land wat ons liefhet bewoonbaar te maak, uit hulle saamwerk, saamwoon, saamly en saamstry die volk gebore is, wat in Suid-Afrika alleen sy tuisplek sou hê.

In 1795 was die Afrikaanse volk as 'n aparte nasionaliteit klaar geskep, 'n volk van landelike aristokrate en van kragtige pioniers, maar aaneengebind deur famieliebande, deur 'n gemeenskaplike eie taal, deur dieselfde kerklike, maatskaplike en konstitusionele instellings en deur dieselfde stoere vryheidsgees. Ons kan ons byna nie weerhou om hier reeds nader op die



Digitised by the University of Pretoria, Library Services, 2011

karaktertrekke en lewenswyse van die Afrikaanse volk aan die end van die agtiende en die begin van die neëntiende eeu in te gaan nie, maar die regte plek daarvoor sal by die aanvang van die volgende deel wees; want dit hoort by wat sal volg: hoe die Afrikaanse volk in staat was om die groot en moeilike probleme, wat vir hom uit sy botsing met die Bantoe, uit sy onderwerping aan 'n vreemde gesag en uit sy voortdurende aanraking met 'n vernude oorsese wêreld, vol skokke en veranderings en vol nuwe idees en bewegings, gebore is, op sy eie manier aan te durf.

Eén punt egter kan ons nou reeds beklemtoon: Die Afrikaanse volk in 1795, alhoewel dit nog geen 20,000 siele sterk was nie, was kerngesond, natuurlik en kragtig; en nieteenstaande die treurige omstandighede, waaronder die regeringstyd van die Kompanjie sy end bereik, was ons volkstoekoms selfs in daardie benarde tyd nooit hopeloos benewel nie.

En aangesien dit so is, kan ons ook sonder wrok afskeid neem van die Groot Kompanjie. Sy bewind het wel op 'n fiasko uitgeloop, maar ons sal onthou dat die Nederlandse Oosindiese Kompanjie die stigter van Blank Suid-Afrika was, — en dat sy *verwaarlosing* van sy eie administratiewe pligte, sy neiging om die koloniste aan hulle self oor te laat, juis meegehelp het om hulle onafhanklik en selfregerend te maak.



Digitised by the University of Pretoria, Library Services, 2011

# Die Aardrykskundige Grondslag

# van

# Ons Geskiedenis.

DEUR

Dr. P. SERTON.

Digitised by the University of Pretoria, Library Services, 2011

Digitised by the University of Pretoria, Library Services, 2011

# Aardrykskunde.

Al ons handelinge en lotgevalle word beïnvloed deur ons omgewing. Daarom kan ons 'n nasie se geskiedenis nie verstaan, sonder om iets te weet van die land, waar die volk woon nie.

Natuurlik sou dit dwaas wees om te verwag, dat 'n land se geaardheid ons 'n volledige verklaring kan gee van die historiese ontwikkeling wat daarin plaasvind. Die geskiedenis is nie 'n meganiese proses, wat ons wiskundig suiwer kan ontleed nie. En selfs al sou dit moontlik wees om so 'n kalkulasie uit te voer, dan sou ons seker ook ander as aardrykskundige faktore in rekening moet bring. Maar tog bly dit 'n feit, dat 'n juiste geografiese insig ons baie kan help om te verstaan, hoe vandag se toestande gegroei het uit die dinge van die verlede.

In hierdie hoofstuk sal ons nagaan watter grondslag die natuurlike gesteldheid van Suid-Afrika gebied het vir die ontwikkeling van die menslike samelewing.

**Ligging**. Suid-Afrika behoor tot die groot vastelandsmassa van die oostelike halfrond, wat 'n samehangende geheel vorm. As 'n gevolg daarvan het die Europese immigrant hier 'n omgewing gevind, wat vir hom in verskillende opsigte minder vreemd was as ander groot kolonisasiegebiede van die blanke ras. Ons hoef maar te herinner aan die belangrike feit dat die inboorlinge van Suid-Afrika in die besit was van beeste en skape, en geweet het hoe om daarmee te werk. In Amerika en Australië was dit nie die geval nie; dié kontinente lê afsonderlik, hulle het 'n meer afwykende dierewêreld besit en daardeur ook ander kultuurtoestande vertoon, wat weer aanleiding gegee het tot ander verhoudinge tussen die witman en die gekleurde rasse.

Dit neem intussen nie weg nie, dat Suid-Afrika duidelik 'n selfstandige geografiese eenheid vorm, deur die natuur geïsoleer van ander verwante gebiede. Nie alleen word die land aan drie kante omring deur uitgestrekte oseane nie, maar in die vierde rigting, na die noorde, grens dit aan tropiese streke, wat ongesond is vir die witman en wat in die verlede 'n meer



Digitised by the University of Pretoria, Library Services, 2011

effektiewe skeidingslyn gevorm het as die breedste watervlakte. Histories mag ons Suid-Afrika dan ook byna as 'n eiland beskou. Ons geskiedenis begin eers, wanneer die land binne die bereik van die Europese seevaart kom; oor die see het die blanke sy beskawing na die Kaap gebring en nog vandag berus ons betrekkinge met die buitewêreld byna uitsluitlik op ons skeepsverbindinge, terwyl die lande, waarmee ons die drukste verkeer onderhou, 6,000 myl van ons af lê.

So 'n isolement het belangrike gevolge. Dit bevorder die ontwikkeling van 'n eie volkskarakter en vorm 'n uitmuntende beveiliging in militêre opsig. Groot nadele staan egter hier teenoor. Gedurende die 17e en 18e eeu was dit amper onmoontlik om Kaapse produkte op die wêreldmark te bring. De Mist gee 'n interessante berekening, waaruit blyk hoe nog in 1792 die transportkoste vir 'n lading koring en wyn na Europa hoër uitgekom het as die inkoopwaarde van die produkte self. Onder sulke omstandighede was 'n eksport van enige omvang feitlik onmoontlik. (Ons dink hier natuurlik aan vrye eksport, nie aan produkte wat teen 'n spesiale, lae prys aan die Kompanjie gelewer was nie.) Die vernaamste afset vir landsprodukte het bestaan in die voorsiening van die skepe wat Tafelbaai aangedoen het. Die mark was dus baie beperk en reeds om hierdie rede alleen was dit onvermydelik, dat die ekonomiese ontwikkeling van die Kolonie 'n langsame moes wees. Dis verder van belang dat die lande, wat die sterkste invloed op Suid-Afrika se beskawing en lotgevalle uitgeoefen het, aan die anderkant van die aarde lê in 'n heeltemal ander omgewing met afwykende lewensomstandighede. Dat sulke invloede dikwels maar min rekening gehou het met die spesiale eise, wat Suid-Afrika se eienaardige toestande stel, vorm een van die tragiese elemente in die land se geskiedenis.

Die 19e eeu, wat gekenmerk word deur 'n totale omwenteling in die wêreldverkeer, het ook Suid-Afrika uit sy afsondering na vore gebring. 'n Enorme daling van die transportkoste het die oorsese uitvoer tot een van die grondslae van ons ekonomiese lewe gemaak. Dit beteken intensiewer bedryf, digter bevolking, meer welvaart, maar natuurlik ook 'n verhoogde mate van ekonomiese afhanklikheid teenoor die lande, waarmee ons handel gedrywe word.

Van veel belang vir die toekoms is die veranderings, wat besig is om hulle te voltrek in Middel-Afrika, waar die spoorweg in die laaste jare groot streke in kontak gebring het met die wêreldmark en met die invloede van die Europees-Amerikaanse industrie-kultuur. Die tyd is verby, dat Suid-Afrika



Digitised by the University of Pretoria, Library Services, 2011

die donker binnelande as 'n soort vakuum kon beskou het; in toenemende mate sal ons met hulle invloed moet rekening hou, al sal die vestiging van blanke koloniste in hierdie streke wel nooit 'n groot omvang bereik nie. Ekonomies gaan die nuwe toestand sonder twyfel 'n voordeel beteken, maar of ons die politieke ontwikkeling met dieselfde optimisme kan afwag, lyk nog 'n ope vraag. Met name moet elke uitbreiding van militêre organisasie onder die negervolke as 'n bedreiging van ons veiligheid beskou word. Ook die gang van sake in Suid-Asië is van belang vir ons wêreld-posiesie, wat in die toekoms nie meer so uitsluitlik op ons verhouding tot Europa en Noord-Amerika sal berus nie. Ons moet daaraan dink, dat ons kuste sowel deur die Indiese as die Atlantiese Oseaan bespoel word.

'n Groot verandering het die 19e eeu verder gebring in ons ligging met betrekking tot die hooflyne van die wêreldverkeer. In die dae van die seilvaart, voor die opening van die Suez-kanaal, was ons kuste die enigste wat deur die skepe na die Ooste sowel op uit- as tuisreis kon aangedoen word. Hierdie besondere maritiem-strategiese posiesie, wat aanleiding geword het tot die stigting van die Hollandse neersetting, behoor tans tot die verlede; slegs die Australiese verkeer kies nog gedeeltelik die weg om die Kaap. Ons mag intussen die jaarlikse tonnemaat van die Australiese bote alleen reeds, wat Tafelbaai aandoen, minstens twintig- of dertigmaal so hoog skat as die hele Kaapse verkeer van 'n eeu gelede. Nog steeds vorm die Kaap dus 'n aanloopstasie vir 'n aansienlike getal skepe.

**Grootte.** Wanneer ons daarop wys, dat Suid-Afrika as toneel vir die ontwikkeling van 'n witmansbeskawing aan die noordkant ingeperk word deur die ongesonde tropiese binneland, dan beteken dit nie, dat ons êrens 'n skerp grens tussen hierdie twee gebiede sou kan trek nie. Die grenslyne, wat ons op kaarte teken, is menslike uitvindsels; die natuur werk by voorkeur met geleidelike oorgange. Reeds binne die Unie tref ons streke aan, wat vir 'n blanke amper onbewoonbaar is, terwyl omgekeerd selfs onder die ekwator terreine gevind word, wat taamlik goed geskik is vir die Europese kolonis. Alles hang hier af van die hoogte; hoe nader ons by die ekwator kom, des te meer sien ons die blanke beperk tot die hoogste dele van die land. As ons dus die grootte wil skat van die land, waarmee ons hier te doen het, dan is 'n sekere mate van willekeur by die bepaling van die grense onvermydelik. Dis egter ook nie nodig om hier 'n noukeurige berekening te maak nie; ons doel is alleen om by benadering 'n voorstelling te kry van die



Digitised by the University of Pretoria, Library Services, 2011

ruimte, wat die natuur in die suide van Afrika vir ons ras beskikbaar gestel het.

Die grens wil ons trek by die Sambesie en wel om die volgende rede: Suid-Rhodesië, met sy 35,000 witmense en sy gevestigde boerebedryf, vorm teenswoordig reeds 'n faktor in die ekonomiese lewe van Suid-Afrika, waarmee terdeë rekening moet gehou word. Noord-Rhodesië daarenteen, wat in oppervlakte tweemaal so groot is, besit slegs 3,000 blanke inwoners, en al die platólande, noord van die Sambesie tot aan die berge van Abessienië, saam nie meer as 20,000 nie. Hiervan is dan nog 'n belangrike deel amptenare, koopliede, sendelinge, ens., wat nie as permanente koloniste kan beskou word nie. Die betekenis van hierdie gebiede vir ons beskawing is dan ook voorlopig nog gering, en al kan ons verwag dat dit in komende jare sal toeneem, 'n vergelyking met ooreenkomstige streke in Suid-Amerika vorm 'n waarskuwing teen oordrewe optimisme. Peru en Ecuador is sinds vier eeue gekoloniseer, maar hulle welvaart en bevolkingstoestande steek treurig af by die van Chile en Argentienië in die suide. Sulke tropiese platólande mag vir die blanke bewoonbaar wees, hulle vorm tog nie 'n terrein, waar sy beskawing ryklik vrugte dra nie. Ons kom hierop terug by die bespreking van die klimaat.

Waar ons in die vervolg van Suid-Afrika praat, sonder nadere aanduiding, bedoel ons dus die gebied ten suide van die Sambesie en Koenene. Vir die spesiale doel van groottevergelyking laat ons dan nog die laaggeleë Portugese gebied, wat heeltemal die karakter van 'n tropiese kolonie dra, buite rekening. Hierdeur kom ons tot 'n totaal van ongeveer 1,200,000 vierkante myle. Hierdie oppervlakte bevat streke van baie uiteenlopende kultuurwaarde, maar dit is in elke groot land die geval.

Die Australiese Gemenebes omvat 3 miljoen vierkante myl, maar as ons die lae tropiese gebiede aftrek, mag ons die res op 1½ maal Suid-Afrika skat, terwyl dieselfde kan gesê word van die witmansland in Suid-Amerika, in Chile, Argentienië, Uruguay en op die suidelike plató's van Brasielië. Die vernaamste kolonisasiegebiede ten suide van die ekwator val dus ongeveer in dieselfde grootte-klasse. Nu-Seeland is natuurlik baie kleiner.

Ander toestande kry ons op die noordelike halfrond. Noord-Amerika, na aftrek van die streke, wat vir ons ras te warm of te koud is, kan op ongeveer 6 maal die grootte van Suid-Afrika gestel word, terwyl Asiaties-Rusland (die enigste deel van Asië wat vir blanke kolonisasie in aanmerking kom)



Digitised by the University of Pretoria, Library Services, 2011

sonder die koudste gedeeltes ongeveer 4 maal so groot is. Daar Europa self 3 maal die oppervlakte van Suid-Afrika besit, is dit duidelik, dat die swaartepunt van ons witmansbeskawing ook in die toekoms op die noordelike halfrond moet val. Die suidelike kontinente kan nie die ruimte bied vir so 'n geweldige ontwikkeling as ons in Noord-Amerika sien nie.

Ewemin egter kan dit betwyfel word, dat hulle nog vir talryke miljoene van mense plek bied en geroepe is om mettertyd 'n baie groter invloed in die wêreld uit te oefen as vandag. Alleen reeds die Unie byvoorbeeld, wat met 473,000 vierkante myle twee-vyfdes van Suid-Afrika inneem, is ewe groot as Frankryk, Duitsland en die Britse Eilande tesame. Nou sou dit misleidend wees, om sonder meer 'n vergelyking te maak met die ou kultuurlande van Wes-Europa. Hulle digte bevolking en intensiewe ekonomiese ontwikkeling vorm uitsonderingsverskynsels, wat gedeeltelik miskien selfs van 'n verbygaande aard is en in elk geval hier by ons vir afsienbare tyd nie moontlik is nie. Dit bly egter 'n feit, dat die mense uit Holland en Frankryk, uit Duitsland en Engeland hier 'n immigrasiegebied gevind het, wat in verhouding tot hulle vroeëre omgewing reusagtige afmetinge vertoon. En dit tref ons des te meer, as ons bedink hoe gering die aantal koloniste was wat na Suid-Afrika gekom het, in vergelyking met die massa-verhuising uit Europa na Noord-Amerika.

Hiermee kom ons by 'n belangrike punt. Ons kan die grootte van 'n land vergelyk met die van ander lande en probeer om daaraan sy magsposiesie, sy verhouding tot die buitewêreld af te meet. Maar ons kan ook die oppervlakte vergelyk met die aantal mense, wat daarvan besitneem; ons kan nagaan hoeveel grond daar gemiddeld beskikbaar is vir elke indiwidu en hierdie relatiewe ruimte is 'n baie belangrike faktor in die innerlike ontwikkeling van 'n volk. In Suid-Afrika was hierdie verhoudingsyfer altyd hoog. Tiepies vir ons toestand was die plaas van 3,000 morge, nie alleen in die droë wêreld nie, maar ook in streke, waar vandag 'n intensiewe boerdery moontlik is. Die prêrielande van Noord-Amerika daarenteen, sowel in Kanada as in die Verenigde State, is uitgegee in plase van 160 acres, en ook 'n welvarende boer, wat later grond bygekoop het, besit selde meer as 'n paar honderd morge. In Suid-Afrika het ekonomiese toestande (slegte marke) en politieke gebeurtenisse saamgewerk met die klimaat om die boerebedryf lank ekstensief te laat bly en die bevolking sterk te verstrooi.

Onbeperkte ruimte en meetlose afstande het vir 'n lang tyd



Digitised by the University of Pretoria, Library Services, 2011

tot die fundamentele geografiese invloede in ons geskiedenis behoor.

**See en Kuste.** Die kuste van Suid-Afrika is oor die algemeen ongunstig vir die verkeer. Vlak, sanderige strande wissel af met steil, rotsagtige kusgedeeltes wat soms as trotse kape in die see uitsteek en dikwels 'n landskap vorm van boeiende en verhewe skoonheid. Die baaie egter, wat tussen die kape lê, is meesal wyd oop na die oseaan, sodat die branders ongehinderd kan binnerol en die skepe maar selde 'n veilige ankerplek vind. Een van die weinige goeie natuurlike hawens aan ons kus is Saldanhabaai, wat egter nie tot betekenis gekom het vir die verkeer nie (veral weëns gebrek aan vars water). Die hawens wat ons vandag besit, het die mens self moet aanlê en eers ná die middel van die 19e eeu het sulke werke tegnies en finansieel moontlik geword. Vóór die tyd was ons skeepvaarttoestande taamlik primitief. Gedurende die eerste twee eeue van ons geskiedenis het meer as 2,000 mense omgekom by skipbreuke, wat in Tafelbaai self plaasgevind het. In die winter was die baai so gevaarlik, dat ten slotte aan die skepe voorgeskryf is, om in die seisoen Simonsbaai binne te loop in plaas van die hoofhawe.

Ons seë is dan ook oor die geheel baie onstuimig. Volgens die skatting van sommige skippers sou hulle suid van die Kaap hoër golwe aangetref het, as wat ooit in ander streke waargeneem is. Die juistheid van hierdie berigte is later in twyfel getrek, maar soveel is seker, dat Suid-Afrika in die 16e en 17e eeu by die seelui 'n lelike reputasie geniet het. Die hout-seilskepe van dié dae was maar sleg bestand teen die "Kaapse Storme" en die skipbreuke op ons kuste het 'n reëlmatig terugkerende verskynsel gevorm.

Van veel belang is verder die groot seestrome, nie alleen vir die skeepvaart nie, maar veral ook weëns die invloed, wat hulle op ons klimaat uitoefen. Langs die oos- en suidkus loop die sterk en vinnige Agulhasstroom, wat uit die noorde kom en daardeur 'n hoër temperatuur besit as 'n mens op ons breedte sou verwag. Hierdie warm stroom bereik sy grootste krag in die diep water buitekant die Agulhasbank, wat voor ons suidkus lê; nader aan die land is die snelheid minder en onmiddellik langs die kus tref ons partykeer selfs teenstrominge aan.

Langs die weskus loop die minder sterk Benguelastroom na die noorde. Dit kom nie eintlik van die Poolstreke nie, soos 'n mens soms hoor beweer, maar wel is natuurlik die watertemperatuur laer as wat op ons breedte normaal sou wees, aangesien die beweging van kouer na warmer streke lei. Ons



Digitised by the University of Pretoria, Library Services, 2011

kan hierdie stroming opvat as 'n afgesplitste tak van die groot Weswinddrif, wat in 'n geslote kring, suid van die drie kontinente, rondom die aarde na die ooste loop. Die botsing van die twee koue strome met die warm Agulhasstroom is die groot oorsaak van die onrustige see en die buiige, onbetroubare weersgesteldheid, wat ten suide van die Kaap aangetref word. Die weskus word nie alleen afgekoel deur die Benguelastroom nie, maar ook deurdat koue water hier uit die diepte van die oseaan omhoog styg en so die temperatuur van die oppervlakte nog meer verlaag; dis 'n verskynsel, waarop ons hier nie nader kan ingaan nie. Die warmteverskille tussen oos- en weskus is dan ook baie groot en vorm een van die vernaamste grondslae van ons klimaatstoestande.

Die genoemde seestrominge is almal van belang gewees vir die geskiedenis van die seilvaart. Vernaamlik die Agulhasstroom, wat 'n gereelde snelheid besit van 30 myl per dag, maar somtyds wel 100 myl per dag kan bereik. Dit het partykeer tot wonderlike verrassings gelei vir skippers wat nie voldoende met die verskynsel gereken het nie. Ook die moderne stoomvaart kan nie die invloed van so 'n vinnige stroom verwaarloos nie. Ooswaarts vaar die stoomskepe dig langs die kus, om die sterkste stroom te vermy; op die terugreis, daarenteen, bly hulle verder van die land, om soveel moontlik van die waterbeweging te profiteer.

**Berge, Vlaktes en Riviere.** Die grootste deel van Suid-Afrika word ingeneem deur 'n uitgestrekte hoogvlakte, 'n voortsetting van die plató van Middel- en Oos-Afrika. Hierdie vlak hoogland, wat ryk is aan alleenstaande koppies en los heuwelreekse, maar nie deur eintlike gebergtes onderbreek word nie, lê vir die grootste deel van 4,000 — 6,000 voet bokant die see. Die laagste gedeeltes, onder die 3,000 voet, lê in 'n strook dwarsdeur die Kalaharie, van die Sambesie na die Oranjerivier; die hoogteligging van hierdie streke is egter nog nie noukeurig vasgestel nie. Vanhier styg die land na die weste, suide en ooste, na die hoë rande van die plató wat gevorm word deur die gebergtes van Suidwes en, binne die Unie, deur die Rôeveld-, Nuweveld-, Sneeu-, Storm- en Drakensberge. Hierdie gebergtes is meeste van so 'n geaardheid, dat hulle baie steil en hoog oprys aan die buitekant, maar daarenteen, van die hoogvlakte uit gesien, veel laer lyk en dikwels selfs bo-op min of meer plat is.

Die waterlope in die suide van die groot plató behoor almal tot die sisteem van die Oranjerivier. Die dale is nie te diep nie, die stroom is betreklik stadig en behalwe gedurende die



Digitised by the University of Pretoria, Library Services, 2011

kort periodes, wanneer die riviere baie vol is, vorm hulle geen ernstige hindernisse vir die verkeer nie.

'n Afsonderlike plek neem Basoetoeland in, wat hoog bo die res van die plató uitsteek, sodat die takriviere van die Oranje hier 'n groot snelheid besit en diep dale uitgeslyp het. Die geheel vorm daardeur 'n woeste bergland, wat aan sy bewoners 'n hoë mate van militêre veiligheid bied.

Anders as die Oranjerivier het die Limpopo en die Sambesie in die noordooste hulle sterk in die hoogland ingevreet, sodat die laer streke langs hulle oewers 'n geïsoleerde posiesie gee aan die plató van Suid-Rhodesië, wat amper rondom deur ongesonde gebiede ingesluit word.

Nog groter is die teenstelling tussen die riviere van die Oranje-sisteem en die kort, maar sterk en vinnige riviere, wat van die groot waterskeiding na die suid- en suidooskus loop. Hulle bereik gewoonlik die see deur diep klowe met steil, digbegroeide wande — en in die ou dae moes 'n opeenvolging van sulke riviere 'n ewe groot hindernis vir die verkeer gevorm het as 'n swaar bergpas. Die land, wat hierdie riviere deurstroom, kan ons verdeel in 'n suidoos- en 'n suidwes-helfte, wat 'n verskillende geaardheid vertoon. Onder aan die waterskeidende gebergtes, wat die sentrale plató begrens, lê die land nog van 3,000 — 4,000 voet bokant die see. In die suidooste vind die afdaling van hier na die kus meer trapsgewyse plaas, onder die vorming van terrasse, wat van die seekant soos steil bergrante lyk, maar bo-op plat is. Anders is die oorgangsgebied na die suidwes- en suidkus. Hier lê 'n twede, laer platóland, die Groot Karo, langs die voet van die Nuweveldberge en hulle voortsettings. Die Karo self word na die suide en weste begrens deur 'n bergland, wat van die Olifantsrivier tot Algoabaai loop en aangedui word met lokale name soos Swartberge, Langberge, Outenikwa's, ens. In hierdie streek tref ons egte bergkettings aan, wat nie bo-op plat is nie, maar ook aan die Karo se kant as hoë gebergtes gesien word. Tog is selfs hier gewoonlik die passe hoër en steiler aan die weste- of suidekant as van die binneland uit.

In die bergland vind ons komme en lengtedale, wat geskik is vir bewoning en verkeer, soos die dal van die Olifantsrivier, die kom van Tulbagh, die dal van die Breërivier, die omgewing van Oudtshoorn, Langkloof, Bobbejaanskloof, ens. Die dorre land tussen die Swartberge en die Langberge word gewoonlik aangedui as die Klein Karo. Dit lê laer as die Groot Karo, maar belangrik hoër as die kusstreek. Laasgenoemde dra langs die suidkus die karakter van 'n lae platóland, vaak deur rivier-



Digitised by the University of Pretoria, Library Services, 2011

dale tot rûens opgesny. Langs die weskus, daarenteen, vorm die strook grond buitekant die gebergte, wat die gebied van die oudste kolonisasie is, 'n laagvlakte met alleenstaande heuwels daarin.

In teenstelling met die lengtedale is die meeste dwarsdale van die suidwestelike gebergtes ongunstig vir die verkeer. Soms breek 'n rivier in 'n diep, nou poort deur die berge heen, elders weer lei steil klowe omhoog na 'n moeilike pas, maar nêrens vind ons 'n mooi, natuurlike roete na die binneland nie. In die dae toe die mense nog geen dinamiet gehad het nie, om gerieflike paaie uit te breek, wat met verdrag langs die hellinge omlaag kronkel — en toe trouens die aanleg van sulke kosbare werke ook finansieel nog 'n onmoontlikheid was — het die gebergtes 'n gedugte skeiding gevorm. Dit was nie te moeilik vir 'n voetganger of 'n trop vee om daaroor te kom nie, maar die vervoer van goedere met behulp van waens was baie swaar en tydrowend. Op party plekke kry 'n mens nog die primitiewe ou wapaaie, wat al op die bulte afkom — en dis dikwels wonderlik om te sien, watter steiltes in vroeër dae met swaarbelaaide ossewaens uitgery is.

Dis daarom begryplik, dat die uitbreiding van die kolonisasie aanvanklik plaasgevind het langs die voet van die gebergte in die westelike en suidelike kusstreke, maar dat die land in die Karo nog in die middel van die 18e eeu hoogstens vir tydelike weiveld gebruik geword is. Ook die klimaat, trouens, het hiertoe meegewerk. En toe eindelik ook in die Karo plase gestig is, het dié mense maar min kans gehad om hulle produkte op die mark te bring. Eers teen die middel van die 19e eeu het Suid-Afrika sy mooi bergpaaie gekry en selfs die aanleg van 'n spoorwegsisteem, wat na 1870 kragtig aangepak is, het vertraging ondervind deur die swaar natuurlike hindernisse in die nabyheid van die kus. In teenstelling met die suidwestelike en suidoostelike randgebiede vorm die Groot Karo en die sentrale hoogvlakte streke van maklike verkeer.

Die enigste rivier in Suid-Afrika wat betekenis het vir die skeepvaart, is die Sambesie. Verder is ons riviere deur snelheid van stroom en gebrek aan diepte onbevaarbaar, met uitsondering van klein entjies by die mondings, wat bowendien nog gewoonlik deur sandbanke ontoeganklik gemaak word vir groot skepe. Die historiese betekenis van ons riviere lê daarom veral in hulle waarde vir die watervoorsiening. In vroeër dae het die mense nog geen boorgate en windpompe gehad nie, sodat hulle by die keuse van 'n woonplek nog baie meer af-



Digitised by the University of Pretoria, Library Services, 2011

hanklik was van stromende water en natuurlike fonteine as teenswoordig.

**Delfstowwe.** Suid-Afrika se teenswoordige posiesie in die wêreld berus vir 'n groot deel op die buitengewone ontwikkeling van sy mynbou — en wel vernaamlik die van goud en diamant, in minder mate ook die van steenkool. Gedeeltelik hang dit saam met 'n buitengewone natuurlike rykdom aan delfstowwe, vir 'n ander deel met lae werkkoste as gevolg van goedkoop kafferarbeid, waardeur hier minerale ontgin kan word, wat in ander lande nie sou betaal nie. Suid-Afrika lewer die helfte van die wêreld se goudopbrengs en so 'n groot deel van die diamante, dat die kompetiesie van ander produsente amper kan verwaarloos word. Steenkool het ons genoeg vir eie gebruik, met 'n klein oorskot vir eksport. Die pryse behoor tot die laagste in die wêreld, wat van veel belang gewees het vir die ontwikkeling van die goudmyne en die verkeerswese.

Ons oudste bekende mineraal is die kopererts uit Namakwaland, wat egter pas in die middel van die 19e eeu in ontginning geneem is, daar die transportmoeilikhede vóór die tyd te groot geag is. Afgesien van die minderwaardige steenkoollae in die Oostelike Provinsie en enkele ander ontginnings van geringe belang, word verder ons gehele mynbou noordelik van die Oranjerivier aangetref. Diamante by Kimberley, in die Westelike Vrystaat, in Transvaal en in Suidwes, goud in Transvaal en Rhodesië, steenkool in die noorde van die Vrystaat en Natal, in Transvaal en Rhodesië. Alles saamgeneem is Transvaal verweg ons vernaamste mynbougebied.

Hierdie eensydige verdeling van ons natuurlike rykdom aan delfstowwe, tegelyk met besonder gunstige omstandighede vir produksie op 'n enorme skaal, is van groot historiese belang. Dit het tot gevolg gehad, dat die mynbou eers laat 'n rol begin speel het in ons geskiedenis, eers 'n hele tyd na die stigting van die republieke, maar toe ook plotseling 'n hoë vlug geneem het. Die ontginning van sulke kosbare minerale soos goud en diamant is baie minder afhanklik van verkeerstoestande, as byvoorbeeld die steenkool- of ystermynbou met hulle swaar produkte; om dié rede ontwikkel dit gemaklik ook onder primitiewe ekonomiese omstandighede, sodat dit besonder geskik is om in 'n kort tyd 'n groot maatskaplike omwenteling tot stand te bring. So lank moontlik het die ou ekonomiese gesteldheid in Suid-Afrika voortbestaan, en so plotseling moontlik het die omswaai gekom na moderne verkeers- en marktoestande, na moderne verhoudinge in sake van prys en loon, van krediet en skuld wat aan die eenkant lei tot die opstapeling van nuwe



Digitised by the University of Pretoria, Library Services, 2011

rykdom, aan die anderkant egter aanleiding gee tot ongedagte armoede.

Sowel goud as diamant kom in die natuur op twee maniere voor. Ten eerste vind ons dit op die oorspronklike lêplek, as bestanddeel van 'n klipformasie. Die ontginning eis hier diep mynbou en die gebruik van kosbare masjienerie, sodat dit alleen moontlik is vir groot kapitalistiese ondernemings. So kry ons 'n bedryf, wat taamlik stabiel is en 'n diep en blywende invloed uitoefen op die hele volkslewe. Dit kan egter ook gebeur, dat die oorspronklike kliplae deur verspoeling langsaam afgebreek word en dan vind ons laer af langs die riviere vaak die goud of diamante terug in die gruisbanke. Hierdie "alluwiale" afsettinge bestaan uit los gronde, wat net aan die oppervlakte lê, sodat hulle in 'n kort tyd uitgeput raak, maar gemaklik kan bewerk word deur mense sonder veel kapitaal. Ons kry hier die rivier-delwerye, waar 'n bont versameling van geluksoekers bymekaar kom en waar selde 'n blywende welvaart sal ontstaan.

In die meeste goudlande het die ontginning 'n aanvang geneem met hierdie alluwiale gronde, waarna eers geleidelik die oorgang tot egte mynbou plaasgevind het. By ons is dit ook die geval gewees met diamant, en selfs vandag nog lewer die delwerye langs die Vaalrivier 'n belangrike deel van ons totale produksie van hierdie artiekel.

Alluwiale goud, daarenteen, kom in Suid-Afrika maar min voor. 'n Tyd lang het gouddelwery bestaan in Lydenburg en Barberton, maar nooit op so 'n skaal, dat 'n mens dit sou kan vergelyk met die toestande wat bestaan het 'n Australië en Kalifornië, of op die diamantvelde van Grikwaland-Wes nie. Die groot goudproduksie van die Rand het ineens begin as egte mynbou, as 'n kapitalistiese bedryf, en ook hierdie feit het meegewerk, om aan die oorgang tot moderne ekonomiese toestande die karakter te gee van 'n plotselinge skok.

**Klimaat.** Ons het sonder diskussie as vanselfsprekend aangeneem, dat Suid-Afrika se bodemvorme drie of vier eeue gelede dieselfde was as vandag. Ons mag dit doen. Die geologie leer ons dat gebergtes, klowe, riviere onophoudelik verander, maar ook dat hierdie verandering baie stadig gaan, sodat ons dit oor 'n tydperk van enkele honderde jare volkome kan negeer. Slegs by uitsondering kom dit voor, dat die geskiedenis moet rekening hou met geologiese wysiginge.

Ewe belangrik vir die historiese ontwikkeling as bodemvorme en delfstowwe is die klimaat. Dit beïnvloed nie alleen 'n mens se gesondheid en werkkrag nie, maar beheers ook die plantegroei en dierewêreld en daarmee vir 'n groot deel die bruik-



Digitised by the University of Pretoria, Library Services, 2011

baarheid en bewoonbaarheid van 'n land. Nou besit ons afdoende bewyse, dat ook die klimaat in lang geologiese tydperke groot wysiginge ondergaan; ons weet, dat verskillende lande vroeër warmer of kouer, natter of droeër was as vandag. Op die vraag, egter, of sulke veranderinge vinnig genoeg kan plaasvind, om in die kort tyd van ons geskrewe wêreldgeskiedenis 'n merkbare onderskeid te maak, gee die wetenskap nog lank nie so 'n eenstemmige antwoord as oor die geologiese kwessie nie.

Dis nie ons taak om hierdie vraagstuk uitvoerig te behandel nie. Ons wil net daarop wys, dat feitlik al die beweerde voorbeelde van historiese klimaatwysiginge (ons dink aan Noord-Afrika, Palestina, Sentraal-Asië, ens.), deur andersgesinde ondersoekers geloën word. Bowendien dink die aanhangers van uitdrogingsteorieë gewoonlik aan veranderinge, wat enige duisende jare in beslag neem, of anders, wanneer hulle met korter periodes werk, aan 'n skommelende toeneming en afneming van die reënval.

Die opvatting is verdedig geword, dat Suid-Afrika in die laaste twee of drie eeue sou getref wees deur 'n sterk en voortgaande vermindering van sy reënval (dus nie 'n periodiese skommeling nie), sodat die witman hom hier sou gevestig het in 'n ter dood veroordeelde land. Ons het nie die reg om eenvoudig te beweer, dat so iets onmoontlik sou wees nie, maar dis duidelik, dat hier sprake is van 'n buitengewoon snel en omvangryke uitdrogingsproses en dat ons dus mag verwag, dat sterk bewyse sal aangevoer word om so 'n opvatting te steun. Totnogtoe is dit nie geskied nie. Die Droogte-Ondersoek-Kommissie oordeel dan ook in sy voorlopige verslag (1922) as volg: —

> "G'n bewys is gelewer, dat die gemiddelde jaarlikse reënval van die Unie aanmerklik verander het gedurende resente historiese tye, en dit word as onwaarskynlik beskou."

Ons hal hier dus uitgaan van die veronderstelling, dat die klimaat van Suid-Afrika in die dae van Jan van Riebeek in hooftrekke dieselfde was as vandag. Dit beteken intussen geensins, dat daar geen agteruitgang sou wees in die bruikbaarheid van ons watervoorrade nie. Die afvoer van ons riviere het nog onreëlmatiger geword as vroeër en die veld in baie streke nog droër, terwyl 'n groot aantal fonteine ingegee het. Hierdie verskynsels kan egter heeltemal verklaar word uit menslike invloede. Dis nie nodig om hier aan klimaatwysiging te dink nie.



Digitised by the University of Pretoria, Library Services, 2011

**Temperatuur.** Afrika is grotendeels 'n tropiese kontinent en strek hom slegs oor kort afstande uit in die warmste dele van die gematigde lugstreke. Die keerkringe loop deur die noorde van Transvaal en die suide van Egipte. Tog sou dit onjuis wees om ons land te vergelyk met die Nyldal of die Saharakus. In die eerste plaas is die suidelike halfrond as 'n geheel koeler as die noordelike, wat 'n gevolg is van die laer somertemperature (die winters naamlik is juis minder koud as onder die ooreenkomstige breedtegrade in die noorde). Kaapstad se somerwarmte kom nie ooreen met dié van Tripoli of Jerusalem nie, wat amper ewe ver van die ekwator lê, maar met dié van Middel-Frankryk; dis 'n bietjie hoër as die temperatuur van Bordeaux en 'n bietjie laer as dié van Toulouse of Lyon, terwyl byvoorbeeld in Noord-Italië die somer al baie warmer is as op die Kaapse Skiereiland. Vir mense uit Holland, Frankryk, Duitsland en Engeland kon dus die Kaap 'n heeltemal aantreklike immigrasiegebied vorm. Dat die wintertemperatuur dieselfde was as in Gibraltar het daarby geen beswaar uitgemaak nie; die verskil tussen die seisoene was groot genoeg om die fisiologiese prikkel te lewer, wat vir die welsyn van 'n blanke bevolking onontbeerlik skyn te wees.

Dis van groot historiese belang, dat by uitbreiding van die kolonisasie na die binneland, die mense in die begin steeds aantrekliker temperatuur-toestande gevind het in plaas van minder gunstige soos ons miskien sou verwag. Hoe noordeliker ons kom des te hoër styg die land. In die hoogte is die lug koeler as in die lae vlakte en die sterker sonnestraling van die noorde word hierdeur aanvanklik gekompenseer. Selfs Johannesburg is nog minder warm as Kaapstad. Van betekenis is daarby veral ook, dat in die suidelike dele van die Sentrale Plató die temperatuurteenstelling tussen somer en winter en tussen dag en nag belangrik groter is as aan die kus, wat natuurlik gunstig is vir die blanke. Namate ons verder noordelik kom, verdwyn intussen hierdie voordele weer. Boelawayo het nog 'n bietjie meer verskil tussen die seisoene as Kaapstad, maar noord van die Sambesie word al spoedig die verskil tussen die warmste en koudste maand gering. Tog is die temperatuursgesteldheid van die tropiese platólande nie bepaald nadelig vir die gesondheid van 'n blanke bevolking nie. As ons dan ook wil verstaan, waarom sulke streke in kultuurwaarde sover agter staan by die suide, moet ons nog 'n ander faktor in rekening bring.

Die meteorologiese tabelle, waarop ons beskouinge oor die klimaat berus,, gee altyd aan hoe die temperatuur is van die *lug*, gemeet in die *skaduwee.* 'n Man wat op die land werk is



Digitised by the University of Pretoria, Library Services, 2011

egter blootgestel aan die regstreekse sonnestrale, wat op die plató's met hulle yl atmosfeer baie sterker brand as in die laagvlakte onder dieselfde breedtegraad. Sowel hulle verwarmende krag as hulle gemiese werking is op die hooglande groter, terwyl tog tegelyk die lugtemperatuur laer is as aan die kus. So kom dit, dat die tropiese plató's wel 'n aangename woonplek bied vir die blanke, wat sekere voorsorge in ag neem, maar dat hulle nie vir hom toelaat om swaar arbeid op die land te verrig nie. Hy is dus afhanklik van gekleurde werkkragte en moet in sulke streke altyd 'n klein minderheid van die bevolking uitmaak. Selfs in Suid-Rhodesië moet ons met hierdie verskynsel al terdeë rekening hou.

In teenstelling met die Sentrale Plató is die oostelike kusstreek baie warm, terwyl natuurlik die terraslande in die Transkei en Natal oorgangstoestande vertoon na gelang van hulle hoogte. Die hele ooste staan onder invloed van die warm Agulhasstroom, wat een van die beheersende faktore in ons klimaat is. Die warm laaggeleë kusstreke van Soeloeland en Portugees-Oos-Afrika is baie ongesond en dieselfde geld vir die laagste dele van Transvaal en Rhodesië en vir die noordelike Kalaharie. Heeltemal anders is die toestand aan die weskus, waar die koel seewater ook die lugtemperatuur laag hou. Hierdie koel gebied vorm 'n lang, smal strook langs die kus tot ver in die noorde. Dit het die voordeel van vry te wees van malaria, maar word daarenteen weer onbruikbaar gemaak deur die droogte; die hele gebied is 'n pure woestyn.

**Reënval.** Aangesien die temperatuur in Suid-Afrika oor groot uitgestrekthede so 'n merkwaardige gelykmatigheid vertoon, is dit veral die reënval, waarop die onderskeid in klimaat van verskillende streke en daarmee hulle uiteenlopende waarde vir die mens berus.

In sommige streke kan dit gebeur, dat 'n groot deel van die reëns nie afkomstig is van die see nie, maar van binnelandse verdamping. Hierdie feit moet ons nie op 'n dwaalspoor bring nie. Selfs daar, waar slegs 'n klein persentasie van die waterdamp in die lug *regstreeks* afkomstig is van die see, lewer laasgenoemde tog die reent langs indirekte weg: wel kom dit van binnelandse verdamping, maar vóór die tyd het dieselfde water al een- of meermale as reent geval in streke, wat nader by die kus lê en so blyk dit in laaste instansie tog 'n geskenk van die see te wees. 'n Suiwer binnelandse kringloop van reent en verdamping kom sonder twyfel voor, maar speel 'n ondergeskikte rol. Die verhouding van ons land tot die see is daarom die vernaamste faktor in sy reënval.



Digitised by the University of Pretoria, Library Services, 2011

Aan ons oos- en suidkus vind ons bo die warm water van die Agulhasstroom warm lug, wat baie damp opneem. As 'n gunstige wind dit na die land voer, is 'n klein afkoeling voldoende om 'n deel van die damp as reent te laat val; en die kanse vir so 'n afkoeling is gunstig, juis omdat die lug so warm is. Aan die weskus daarenteen vind ons bo die koue water van die Benguelastroom koue lug, wat min damp kan opneem. As dit na die land gevoer word, blyk die temperatuur gewoonlik hoër te wees, sodat van afkoeling en reënvorming geen sprake is nie. Selfs in die winter is die omstandighede slegs by uitsondering gunstig genoeg vir reënval.

'n Belangrike punt om op te let is nog die volgende. Die koue water aan ons weskus is nie uitsluitend 'n gevolg van die stroming uit die suide nie. In so 'n geval tog sou ons verwag dat die watertemperatuur van suid na noord geleidelik moes toeneem. Hoe verder ons egter na die noorde kom, des te meer moet ons reken met die opstyging van koue water uit die diepte, met die gevolg, dat van Kaapstad noordwaarts die watertemperature aanvanklik laer word in plaas van hoër. Daar die land in dieselfde rigting warmer word, moet die temperatuurverskille van suid na noord toeneem en daarmee die kans op reent verminder. Die grootste teenstelling en dus ook die sterkste droogte vind ons aan die kus van Suidwes, wat die droogste gedeelte van heel Suid-Afrika vorm; maar nog ver noordwaarts, tot naby die Kongomonding, maak die verskynsel hom in langsaam afnemende mate voelbaar.

Die sterkste reëns kry ons aan die suidooskus en in die aangrensende dele van Natal en Transvaal. Die lug wat teen die berge en terrasrande opstyg, koel daarby af en verloor 'n deel van sy vog. Anderkant die Drakensberge daal dit langsaam af langs die plato en word daarby weer 'n weinig verwarm, sodat die kans op reent hier kleiner is en afneem namate ons verder weswaarts hou. Eers die hooglande van die Suidwes-Protektoraat dwing die winde weer om te styg en slaag daarin om nog 'n bietjie vog uit die droë lug te vang, sodat hulle 'n meer bewoonbare streek vorm tussen die suidelike Kalaharie en die absolute woestyn aan die weskus.

Reënryk is verder byna die hele suidkus en 'n klein hoek in die suidweste, in die omgewing van Kaapstad. Dié streke is egter maar smal, omdat die hoë berge die vog belet om in die binneland deur te dring, sodat ons naby dis kus die dor gebiede van die Groot en Klein Karo aantref. Reënryk is ook die hele Middel-Afrika en die invloed daarvan laat hom nog 'n ent suid van die Sambesie voel, sodat ons, vir soveel die binnelande



Digitised by the University of Pretoria, Library Services, 2011

betref, die noordgrens van die droë wêreld ongeveer op die breedte van die Ngamie-Meer kan stel.

Naas die hoeveelheid van die reent is ook sy verdeling oor die seisoene van historiese belang. Die grootste deel van die land kry somerreëns; die winter is alleen vir die Westelike Provinsie die nat jaargety, terwyl die suidkus 'n oorgangsgebied vorm, wat sowel van die winter- as die somerreëns sy deel kry en dus geen egte droë periode ken nie.

**Plantegroei.** Die ekonomiese betekenis van klimaatverskille moet veral gesoek word in die uiteenlopende plantegroei wat hulle in verskillende streke in die lewe roep. Terwyl nou egter 'n belangrike historiese wysiging van ons klimaat nie waarskynlik lyk nie, kan ons seker aanneem, dat die plantegroei, deur die mens se eie skuld, vandag in veel opsigte minder gunstig is as drie eeue gelede.

Bome het meer vog nodig as gras en veral ook 'n meer reëlmatige toevoer van vog. 'n Lang droë seisoen maak boomgroei baie swaar, terwyl dit aan grasveld geen kwaad doen nie, as daar maar gereëld nat maande op volg. 'n Bepaalde hoeveelheid reent het verder vir ons bome minder waarde, wanneer dit in die somer val as in die winter. In die koue tyd is die verdamping nie so sterk nie en die vog dring deper deur in die ondergrond, waar dit lank bewaar bly en geleidelik deur die boomwortels opgesuig word.

Suid-Afrika se reënval is oor die algemeen nie hoog nie, dis tiepies periodiek van aard en dit val oor die grootste deel van die land gedurende die somer, — drie redes dus, waarom die land van nature arm moet wees aan bos. Ons natuurlike vegetasievorm is die "steppe," dit is: grasveld, of wel die klein bossies van die Karo, wat nog beter ingerig is om 'n langdurige droogte te deurstaan. Bosgroei kry ons net by wyse van uitsondering op begunstigde plekke. Die beste klimaat vir bosse besit die suidkus, waar die reëns dwarsdeur die jaar val en verder die suidooskus, waar die hoogste totale reënval aangetref word, terwyl die periodisiteit hier nog nie al te streng is nie. Gunstig vir bome is natuurlik ook rivieroewers en vogtige bergklowe. Die mens het met sy byl en sy veldbrande baie gedoen om die tog al geringe boomgroei nog te verminder en die herstel daarvan te belet. Vir sover bosse aangeplant is, was dit gewoonlik Europese of Australiese boomsoorte, wat vinniger groei as die inheemse.

'n Afsonderlike plek neem die streek van die winterreëns in, waartoe dus ook die gebied van die oudste kolonisasie behoor. Dis 'n bossieswêreld, gekenmerk deur struikagtige plante, wat



Digitised by the University of Pretoria, Library Services, 2011

tot 6 voet hoog word, met betreklik min grasgroei en met hoër bome langs die riviere en in die klowe. Koring, wyn en vrugte het hier die hoofproduk van die boer geword.

Groot woude vorm 'n swaar hindernis by die kolonisasie van 'n nuwe land; dit belemmer die verkeer sowel as die uitbreiding van die landbou en het daarom die neiging om die bevolking bymekaar te hou. (Sien byvoorbeeld Nu-Engeland in die 17e en 18e eeu.) In die steppe daarenteen vind ons niks, wat die bewegingsvryheid en die territoriale ekspansie belemmer nie — en hierdie feit kan ons, naas klimaat en marktoestande, as 'n derde rede beskou vir die sterk verstrooiing van ons bevolking.

In die Groot en Klein Karo vind ons struiksteppes, wat in gewysigde vorm ook die suide van die Sentrale Plató inneem en in die Suidwes-Protektoraat selfs taamlik ver na die noorde reik (tot 24°). Hierdie land, wat sonder skerp grense in die graswêreld oorgaan, maak op die eerste gesig geen gunstige indruk nie. Dit blyk egter geskik vir ekstensiewe skaapboerdery, en waar besproeiing moontlik is, kry 'n mens dikwels pragtige oeste; maar water is skaars, sodat die land geen digte bevolking kan dra nie. Die kusstreek ten noorde van die Oranjerivier vorm, soos gesê, 'n absolute woestyn, wat onbruikbaar is vir die mens. Die Kalaharie daarenteen, wat gewoonlik ook 'n woestyn genoem word, sou ons met Passarge as 'n periodiek bewoonbare land kan beskou; die reënval staan hier nie agter by dié van die westelike Karo nie, maar in die droë tyd is daar baie min water aan die oppervlakte, sodat die gebied dan 'n dorsland vorm. Die suidelike Kalaharie behoor reeds tot die grasveld, wat hier nog arm is, maar na die ooste toe stadigaan beter word en op die Hoëveld van Transvaal en die Vrystaat geskik is vir akkerbou en intensiewe veeboerdery. Ook die suidoostelike terraslande het 'n ryk grasgroei, waarin al taamlik baie verspreide bome voorkom, terwyl noordelike Transvaal die eienaardige oorgangsvorm tussen grasland en bos vertoon, wat in die geografiese literatuur gewoonlik aangedui word as "savanne" en wat ons in Suid-Afrika Bosveld noem.

Oor die algemeen is dus die ooste van Suid-Afrika 'n baie aanlokliker land vir boerdery as die weste, en tegelyk deur sy watervoorraad en weiveld baie beter geskik vir groot volksbewegings en militêre operasies. Ons sien dan ook dat sowel die Kaffer wat uit die noorde as die witman, wat uit die suide kom, sy ekspansie in die oostelike streke soek. So word die ooste die toneel van die groot botsings, van die dramatiese



Digitised by the University of Pretoria, Library Services, 2011

politieke en ekonomiese ontwikkeling. Die weste word eers laat in besit geneem en bly van ondergeskikte betekenis.

Ook die grasveld het deur brand en oorstok verandering ondergaan in 'n ongunstige sin. Dikwels het die agteruitgang van die veld aanleiding gegee tot verspoeling, waardeur diep slote gevorm word, wat weer 'n uitdroënde werking op hulle omgewing uitoefen. Dis nie onwaarskynlik nie, dat hierin die vernaamste oorsaak moet gesoek word vir die talryke klagtes oor die agteruitgang van ons watervoorraad.

**Naturellebevolking.** Onder die oorspronklike bewoners, wat die blankes in Suid-Afrika aangetref het, was die Boesmans sonder twyfel die oudste. Hulle het 'n baie primitiewe ras gevorm, wat gelewe het van jag en wilde plante, daar hulle onbekend was met vee of landbou. Om dié rede was hulle vrywel onbruikbaar as arbeidskrag vir die kolonis. Aanpassing by meer ontwikkelde ekonomiese toestande het vir hulle onmoontlik geblyk, sodat die binnedringing van sterker rasse nie gelei het tot hulle onderwerping nie, maar eenvoudig tot 'n totale vernietiging. By die koms van die blankes was die ooste van Suid-Afrika reeds in hande van die Kaffers, wat geleidelik na die weste en suide opgedring het. Dit skyn egter, dat die droë weshelfte van die binnelandse plató's nog die onbetwiste besit van die Boesmans was, terwyl in die westelike en suidelike kusstreke die Hottentotte met hulle vee rondgetrek het. Ook tussen die Hottentotstamme in het nog orals Boesmans gewoon en die twee bevolkingsgroepe was gewikkel in 'n stryd op lewe en dood. Die fundamentele verskil tussen hierdie rasse is eers in die 19e eeu vasgestel. Voor die tyd was die Boesmans gewoonlik as veragterde Hottentotte beskou en vriendelike beoordelaars het selfs nie geaarsel om 'n verklaring vir hierdie degenerasie-verskynsel te gee nie: hulle sou te baie mishandel geword het deur die Boere.

Die Hottentotte, wat dus die eerste inboorlinge is, waarmee die blankes te doen kry, is veehouers, maar geen landbouers nie. Hulle veerykdom vorm 'n belangrike faktor in die ontwikkeling van die Kaapse neersetting en hulle bekwaamheid om met vee te werk, maak hulle tot taamlik bruikbare arbeiders vir die boer, as hulle eenmaal begin om in die nuwe sosiale organisasie op te gaan. In aanraking met die blankes het hierdie volk taamlik spoedig deur siektes (veral pokkies) in aantal verminder, waardeur die ou stamorganisasie opgebreek is. Hulle nakomelinge het vermeng met dié van die ingevoerde slawe, 'n klein persentasie Europese bloed is ook opgeneem en die resultaat is ons teenswoordige "Kaapse kleurling."



Digitised by the University of Pretoria, Library Services, 2011

Naby die Kaap was seker die vroeëre slawe die vernaamste element in die mengsel; in die meer afgeleë distrikte daarenteen die Hottentotte. Dit sou van belang wees as iemand 'n grondige spesiale studie sou wy aan hierdie mengbevolking; selfs in anders gesaghebbende publikasies word nog die wonderlikste bewerings verkondig oor hulle afkoms.

Boesmans vind ons vandag nog in die Kalaharie, maar dit word gesê, dat die meeste al van gemengde ras sou wees. Taamlike suiwer Hottentotte kry ons nog in die Suidwes-Protektoraat. Die noorde van hierdie gebied en ook die Noord-Kalaharie het egter al 'n Bantoe-bevolking.

Die Kaffers behoor naamlik tot die groot famielie van die Bantoevolke en daarmee tot een van die kragtigste rasse, wat ons op aarde ken. Hulle was veehouers en landbouers, wat onder die nuwe maatskaplike toestande 'n verbasingwekkende aanpassingsvermoë getoon het. Hulle goedkoop arbeid het die onmisbare grondslag geword van boerdery en mynbou in die oostelike helfte van die land, waar hulle die blanke bevolking ver in aantal oortref, terwyl hulle vermeerderingspersentasie minstens ewe groot is. Hierdie feite maak die verhouding tussen witman en Kaffer tot ons moeilikste sosiale vraagstuk.

Ons ken geen ander land op aarde nie, waar 'n wit en 'n gekleurde bevolking onder dergelike omstandighede naasmekaar lewe. Gewoonlik sien ons, òf dat die gekleurde verdwyn (Australië, Noord-Amerika), òf dat die blanke 'n onbeduidende minderheid bly (Indië en ander tropiese kolonies), òf eindelik dat rasvermenging op 'n groot skaal plaasvind (Suid-Amerika). Daar is net een gebied, waar die toestande min of meer aan dié van Suid-Afrika herinner en dis die suide van die Verenigde State. Hier vorm egter nie Negers 'n minderheid en mis die ruggesteun van hulle rasgenote in Afrika, sodat die blankes in 'n onvergelyklik veel gunstiger posiesie verkeer as by ons.

Dis heeltemal 'n spesiale probleem, waarmee ons te doen het en die oplossing daarvan is die swaarste taak, wat die geskiedenis aan die bevolking van Suid-Afrika oplê.

**Saamvatting.** Die kolonisasie begin in die suidweste, in die hoek, wat gunstigste lê vir die skeepvaart. Die uitbreiding vind aanvanklik net in die kusstreke plaas, omdat die land anderkant die berge droog is en moeilik bereikbaar. Klimaatverskille bring mee, dat die ekspansie noordwaarts langs die weskus doodloop, terwyl dit langs die suidkus voortgaan tot die witman ver in die ooste, op die Kaffer stuit. In die twede helfte van die 18e eeu begin die vestiging in die binnelande,



Digitised by the University of Pretoria, Library Services, 2011

wat in die minder droë en beter toeganklike ooste vinniger vordering maak as in die weste. Uit die oostelike grondgebied kom die Groot Trek voort, wat die suidoostelike terraslande met hulle digte Kafferbevolking vermy en sy weg kies oor die Sentrale Plató, maar hier natuurlik die voorkeur gee aan die minder droë streke. So dryf die trekboer sy mag as 'n wig tussen die Kafferwêreld in die ooste en die Kalaharie in die weste. Op die plató vind hy, deur die geaardheid van die land, 'n groot mate van bewegingsvryheid, sodat hy sy gebied snel uitbrei tot in die noorde en ooste van Transvaal. Hier egter leer die malaria vir hom 'n harde les oor die grense, wat die natuur in Afrika vir die witman gestel het.

Van die plató uit word ook Natal verower, maar dit gaan spoedig weer verlore, omdat die Britse mag natuurlik sterk staan in 'n gebied, wat oor see bereikbaar is. Die nuwe Boererepublieke blyk ryker te wees aan kosbare delfstowwe as enige ander land in die wêreld en die gee aanleiding tot 'n snelle ekonomiese opbloei, tot groot maatskaplike wysiginge en politieke stryd.

Intussen vertoon die gebiede van ouer kolonisasie langs wes- en suidkus 'n geleidelike intensivering van die boerdery en 'n toeneming van die bevolking, maar hulle oppervlakte is beperk en die Karo neem nie eintlik deel aan hierdie ontwikkeling nie. Westelik van die Kalaharie word die mins ongeskikte lande in gebruik geneem vir 'n baie ekstensiewe veeboerdery en die vestiging van 'n vreemde politieke gesag bring hier vir Suid-Afrika nuwe komplikasies mee, wat egter van sekundêre betekenis bly.

Die hooftoneel van ons geskiedenis is verplaas na die ooshelfte van die land, met sy goud, diamant en steenkool, sy wol- en mielie-eksport, sy stedelike marke, sy betreklike groot plattelandsbevolking — en sy Kafferkwessie.



Digitised by the University of Pretoria, Library Services, 2011

Digitised by the University of Pretoria, Library Services, 2011

ZA 968 GIE

KIEDENIS VAN SUID-AFRIKA (DEEL I.)

Digitised by the University of Pretoria, Library Services, 2011